# TEOLOGIE EN POLITIEK BY CALVYN

Prof Dolf Britz[1]
Universiteit van die Vrystaat
SUID-AFRIKA

Oor Calvyn bestaan daar talle (en selfs weerspekende) assosiasies en teorieë, wat dikwels op hoorsê berus, maar wat aan hom algemene bekendheid besorg het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is wat van hom oor sy politieke idees gesê word. Hy word byvoorbeeld voorgehou as die vader van 'n werksetiek wat in die hand gespeel het van die moderne kapitalisme. Ander eis hom weer op as 'n belangrike gereformeerde skakel in die ontwikkeling van die sosialisme: hy het immers nie nagelaat om 'n sosiale struktuur rondom die versorging van armes, siekes en vlugtelinge in Genève te vestig nie. Dit het (om nog 'n assosiasie te noem) 'n algemene opvatting geword om Calvyn met die oorsprong van die westerse demokrasie te verbind. Dan word hy weer ingebeeld as die skepper en rigiede handhawer van 'n diktatoriale teokrasie in Genève. In Suid-Afrika is ongeveer tussen 1930 en 1960 te midde van die blanke Afrikanervolk (soos hierdie groep mense hulle gaan identifiseer het) veel gemaak van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en 'n Christelik-nasionale roeping. (Kerk)historici en historiese sosioloë het hierdie roepingsbesef verklaar aan die hand van Calvyn se uitverkiesingsleer, wat histories hier oorgeplant sou wees deur die kerke van gereformeerde belydenis. Dit sou aan die wortel lê van 'n kollektiewe superioriteitsgevoel, wat uiteindelik beslag gekry het in die politieke beleid van Apartheid. Dus: Calvyn vír Apartheid. Maar, om in Suid-Afrika te bly: Calvyn is laat in die 20ste eeu in die kerklike en teologiese begeleiding van die 'Vryheidstryd' téén Apartheid, ontdek as 'n teoloog wat aan die kant van die onderdruktes en verontregtes sou staan. Hy het immers die reg van verset en opstand teologies regverdig. Dus: Calvyn téén Apartheid.

Die vraag is of dit alles waar is van Calvyn? Kan hy verantwoordelik gehou word vir wat oor hom gesê word? Wat het hy dus werklik oor die politiek geskryf? Wat staan daar in die oorspronklike bronne? In hierdie bydrae word wat Calvyn oor die politiek, of liewer die burgerlike regsordening van die samelewing onderrig het, noukeurig nagegaan. Wat goed begryp moet word, is dat die *onderrig* van Calvyn oor die politieke strukture van die burgerlike samelewing in sy *Institusie* (Sien Inst. 1559 IV.20)[2] nie los gelees kan word van die res van sy teologiese denke nie. Maak 'n mens hierdie verband los, of neem jy dit nie in ag nie, is die kans goed dat jy in die hand mag speel van afleidings wat nie op die rekening van Calvyn geplaas kan word nie. Hierdie opstel wil juis dit verhoed. Daarom word in die argument en uiteensetting styf daaraan vasgehou dat Calvyn se 'politieke' onderrig begryp moet word in die lig van die geheel van sy teologie en teologiese metode. Vandaar die opskrif: *Teologie en Politiek by Calvyn*. Eers wanneer 'n mens hierdie verbintenis goed onder oog het, kan jy Calvyn se 'politieke idees' na waarde skat.

1. Geen sistematiese 'Christelike staatsleer'

---

[1] Prof RM Britz, Departement Ekklesiologie, Interne Bussie 90, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, BLOEMFONTEIN 9300, SUID-AFRIKA. E-pos: britzrm@ufs.ac.za

[2] Vir die oorspronklike Latynse teks vir die verwysings na die *Institusie* 1559, is die *Opera Selecta* (OS) III, IV en V teksuitgawe gebruik. Die vertaling van die *Institusie* in Afrikaans deur HW Simpson is gebruik om aanhalings in Afrikaans weer te gee.

Genève het uiteraard ‘n eie staatkundige geskiedenis gehad. Met die openbare keuse om protestants te word in die jare dertig van die 16de eeu, is die politieke struktuur en die burgerlike wetgewing hersien, ‘n proses wat oor jare gestrek het. Hierby is Calvyn as regsgeleerde ook betrek. Dit spreek dus vanself dat Calvyn in sy *teologiese* arbeid dit nooodsaaklik sou vind om Christelike onderrig te gee oor die burgerlike regering of die ordening van die burgerlike gemeenskap, waarby hy self betrokke was. (Sien Inst. 1559 IV.20.1.) In sy *Institusie* (Inst. 1536: OS I, 258 e.v.; Inst. 1559 IV.20) wy hy ‘n hele lang bespreking hieraan. Die Christelike geloof was immers in Genève ook nie ‘n privaatsaak nie. Dit het met die openbare lewe saamgehang.

Lees ‘n mens Calvyn goed wanneer hy *de politica administratione* (aangaande die politieke administrasie of regsburgerlike regering) behandel, word dit gou duidelik dat die saak wat hom intens boei te make het met die korrelasie tussen Godsregering en wêreldregerings. Dit wil sê: Teologie en dan politiek. In hierdie volgorde. Hoe pas die regering van Christus in by die aardse koninkryke, maghebbers en regerings, sónder om sy integriteit en heil te verloor of te kompromiteer? Op watter wyse deel hierdie twee regerings dieselfde werklikheid, die werklikheid waarin die begenadigde gelowiges in gelyktydige gehoorsaamheid aan die owerhede én aan Christus leef? In watter samehange speel hulle op mekaar in, of staan hulle teenoor mekaar?

Hierdie teologiese oorweging en problematiek is onderliggend aan wat Calvyn vir Christene oor die owerhede leer. Hy is myns insiens nie daarop uit om ‘n Christelike staatsleer uit te werk nie. Dit het natuurlik agterna gebeur dat ‘n Christelike of Calvinistiese staatsleer uit die werk van Calvyn afgelei of opgebou is. Een goeie voorbeeld hiervan is die talle artikels, studies en selfs ‘n boek of twee oor die ‘Calvinistiese staatsleer’ wat so ongeveer tussen 1935 en 1960 in Suid-Afrikaanse gereformeerde kringe verskyn het. Kenmerkend hiervan is egter dat die oorspronklike Calvyn selektief aangehaal is om dan maksimaal ontgin te word tot magtige stellings, afleidings en kontekstuele toepassings wat nie werklik in lyn met die bedoeling van Calvyn self was nie. Trouens, dit is ‘n tipiese voorbeeld van wat gebeur as Calvyn se onderrig oor die ordening van die burgerlike samelewing geskei word van sy teologiese beweegredes en motivering. Uiteraard moet hierdie rekonstruksies uit die geheel van Calvyn se denke beoordeel word, voordat dit verklaar kan word as sy standpunt.

Calvyn onderrig. As teoloog en voorganger. Sy denke oor die politiek vergestalt nie ‘n stel statiese beginsels nie, maar verreken die dinamiek van die verhouding of relasie tussen die Christusregering en aardse regerings. En, hy wil die Bybel daaroor laat spreek. As iemand wat self aangespreek is. As iemand wat hom diep bewus daarvan is dat sy lewe en skryfwerk, sy insig in en uitleg van die Skrif, sy interpretasie van die werklikheid, onmiddellik in verband met die lewende Christus staan. Hierdie verbintenis is uit genade in Christus begrond. Van hierdie kennis is Calvyn deurdronge. In Christus (hier lê die geheim van sy onderrig!) kon hy dus lewe in dood, rykdom by broodsgebrek, troos in lyding, uitkoms in vervolging en vrolikheid by skade raaksien. Van hieruit maak die eksistensiële samehangende en tegelyk teenstellende dinamiek vir hom sin dat ons vreemdelinge in hierdie wêreld en tog terselfdertyd erfgename daarvan is. (Vgl. byvoorbeeld sy kommentaar op Daniël 7:27.) Hy begin - in Christus - sy *Institusie* ook met ‘n soortgelyke samehangende

teenstelling: “Byna die volle eindtotaal van ons wysheid,[3] wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onsself.” (Inst. 1559 I.1.1) Hierdie twee is verwant en hang met mekaar saam, skryf hy.

Sake wat dus los van mekaar ingedink behoort te word, bring Calvyn op verrassende wyse in samehang en relasie. Dit doen hy ook met betrekking tot sy visie op die *civitas*, die geordende burgerlike samelewing waarin die owerhede (met hul verantwoordelikhede en bepaalde volmag) en die onderdane (met hul pligte) verwisselend in verband met Christus en Christus se allesomvattende en altyd teenwoordige regering gestel word. Hieraan moet ons vashou as ons Calvyn se politieke idees wil begryp. Wie by Calvyn ‘n uitgewerkte, gesistematiseerde Christelike staatsleer en –beskouing soek, sal dit nie vind nie.

2. Die klassieke filosofiese agtergrond

Calvyn laat twee sake (die Koninkryk van Christus en die koninkryke van die wêreld) met mekaar saamhang. Hulle staan in ‘n verhouding met mekaar. Dit beteken dat hy albei ernstig opneem. So onderskat hy byvoorbeeld nie die bestaan, die struktuur, die funksie, die mag van aardse koninkryke nie. Hy maak erns met wat mense hieroor gedink en geskryf het. As hy dus oor die burgerlike samelewing en hoe dit georden is skryf, is sy verwysingsraam (en hy het nie hiermee ‘n probleem nie) die insigte van die klassieke Griekse filosofie en Romeinse reg. Sy bronne is onder andere Plato, Aristoteles, Plutargus en Cicero. Reeds in sy 1532 kommentaar op Seneca se werk aangaande die mildheid of grootmoedigheid (*De Clemetia*), bedoel as lewensoriëntering vir Keiser Nero, aanvaar Calvyn gewoon wat in hierdie filosofie en reg reeds uitgemaak is, naamlik dat in ‘n goeie burgerlike samelewing mense deur die reg verenig is. (Vgl. Battles en Hugo, *De Clementia*, I, 212/214.) Kenmerkend van hierdie openbare orde is regverdige en ewewigtige wette, waaraan die burgers hulle hou. As daar nie wette is nie, is daar geen *cives* (burgers) nie en leef hulle los van die *civitas*. Onderdane en owerhede vorm dus saam ‘n bepaalde orde. Wanneer Calvyn later in sy *Institusie* (vgl. veral Inst. 1559 IV.20) op die burgerlike samelewing terugkom en toepas op die Christelike bestel waarin hy hom bevind, hou hy hom aan hierdie klassieke siening en insigte. Wette is, teken hy dan aan, die uiters kragtige senuwees of, soos Plato en Cicero dit noem, die siel van die staat. Daarsonder kan geen owerheid bestaan nie. Wette het aan die ander kant geen krag sonder die owerheid nie. (Vgl. Inst. IV.20.14.)

Die aansluiting by gedagtegoed uit die klassieke filosofie hang uiteraard saam met Calvyn se opleiding. Tussen 1528 en 1532 studeer hy siviele reg aan die universiteite van Orléans en Bourges. In Parys was dit nie moontlik nie. Daar kon hy slegs kanonieke of kerklike reg as studierigting kies. By die eersgenoemde twee universiteite het hy hom dus in die burgerlike reg verdiep, met name soos dit binne die opkomende humanistiese benadering beoefen is. Die humaniste het hulle beywer vir ‘n terugkeer na die antieke wêreld, na sy filosofie en etiek. Daarom het hulle die vernuwing van die Europese samelewing, gemeenskap, staat en kerk verwag. In Orléans was Stella die beroemde professor. Hy het met die rigiede skolastieke metode gebreek, die belang van die retoriek beklemtoon en sy studente aan ‘n meer dinamiese

[3] In die eerste uitgawe van die Institusie 1536 gebruik hy die woord *doctrina*, leer, onderrig.

manier van dink blootgestel. In Bourges het Calvyn aan die voete van Alciati en Melchior Volmar (aan wie hy later sy kommentaar op II Korintiërs sou opdra) gesit. Volmar het hom ingelei in die 'Griekse letterkunde,' wat meer behels het as bloot die baasraak van die Griekse grammatika.

By hierdie twee universiteite het die klassieke wêreld vir Calvyn oopgegaan: Van sy filosofie tot by die Grieks-Christelike patristiek. Van Aristoteles tot die teoloog Grysostemos. Calvyn was dus goed geskool in die kontemporêre denke rondom die burgerlike reg en regsordening van die gemeenskap. Dit het vir hom sin gemaak. En, het hy hierby aansluiting, byvoorbeeld by die onderliggende orde-beginsel, gevind. Daarom het hy dit nie vervang met 'n eie staatsleer nie. Binne die raamwerk van sy teologiese denklyn, waarin hy die koninkryk van Christus en die koninkryke van die wêreld met mekaar in verband gebring het, was dit nie nodig of selfs moontlik nie.

3. Orde en staatsvorme

Calvyn ken as Christen dus 'n hoë waarde toe aan die orde-beginsel wat in die klassieke (en nie-Christelike) staatsbeskouings van die *civitas* ingebou is. Hierdie orde, wat dus nie tipies van die Christendom is nie, is wat hom betref 'n goeie saak. Met beroep op 'n aantal tekste uit die Bybel (o.a. Ps. 82, Rom. 13) bring Calvyn dit in verband met die voorsienigheid van God wat dit goedgevind het om die sake van mense so te bestier. (Vgl. Inst. IV.20.4.) Hy stel dit selfs in die algemeen: by alle mense is daar een of ander saad van burgerlike orde ingeplant (Inst. II.2.13). Dit sal te ver gaan om hieruit af te lei dat hy die klassieke heidense denke oor die staat met die Christelike geloof, soos Erasmus van Rotterdam byvoorbeeld met Seneca gedoen het, probeer versoen het. Hy sien in die klassieke staatsdenke nie 'n tipiese en voor-lopige vergestalting van die Christendom nie. Hy probeer dit ook nie kersten nie. Die raakpunt lê in die goeie ordening van die regsburgerlike gemeenskap wat in hierdie denke uitkristaliseer. En, hierdie raakpunt staan in verband met die allesomvattende voorsienigheid van God.

Calvyn is ook bewus daarvan dat die staatsorde in verskillende strukture en vorme in die geskiedenis na vore kom. Ook hieraan hou hy hom. Hy skryf: Dit kan 'n monargie, 'n aristokrasie of 'n demokrasie wees. (Vgl. Inst. IV.20.8.) Calvyn spreek sy voorkeure en voorbehoude in hierdie verband ook uit. Dit is maklik, skryf hy, om 'n koninkryk in tirannie te laat verval. Dit is baie maklik om van 'n demokrasie tot 'n anargie oor te gaan. Hoewel 'n aristokrasie in 'n oligargie kan ontwikkel, meen hy dat 'n aristokrasie, of 'n regering wat daaruit en uit die burgery saamgestel is, 'n regeringsvorm is wat ver bo die ander uitmunt. In hierdie regeringsvorm (wat terloops, ooreenkom met die politieke strukture van die destydse Genève) word die vryheid van die burgers die beste beskerm. Calvyn is dus beslis nie die vader van die moderne westerse demokrasie nie. Hy gee nie voorkeur aan die demokrasie (soos dit in die klassieke filosofie verstaan is) nie. Die werklike Calvyn staan in kontras met die aannames wat oor hom in hierdie verband die rondte doen. Bowendien sou 'n pertinente keuse en die verdediging daarvan die agterliggende teologiese oorweging (die samehang van twee teenstellende koninkryke) erodeer. Calvyn dink nie inkonsekwent nie.

Calvyn sluit in sy Christelike onderrig oor die burgerlike regering dus gewoon aan by die klassieke denke hieroor. Maar, hy volstaan nie daarmee nie. Hy kyk dieper en

breër op die saak in. Hy peil doelbewus die werklikheid waarin die konkrete burgerlike politieke orde (in ‘n verskeidenheid gestaltes) én die regering van Christus met mekaar saamhang. Vir die Christelike onderwysing oor die staatsorde bly juis hierdie aspek van deurslaggewende belang.

4. Die verband tussen Christus en die (politieke) staat

Die vraag is dus: hoe staan die burgerlike *civitas* of politieke orde, wat reeds in die klassieke filosofie ingesien en beredeneer is, in verband met die regering van Christus? Beide deel i0000mmers dieselfde werklikheid. Met ander woorde: Hoe pas die koninkryk van Christus in by die koninkryke en staatsvorme van die wêreld? Moet die koninkryke van die wêreld gekersten word tot ‘n Christelike staatsvorm waarin die koninkryk van Christus tot sy volle reg kan kom? Of, moet hierdie koninkryke deur die ryk van Christus vervang word? Of, bly die Christusryk wesenlik vreemd in hierdie wêreld? Soos ‘n druppel olie op water?

Op hierdie vrae gee Calvyn ‘n antwoord. Ons moet in hierdie verband, skryf hy op meer as een plek, ‘n duidelike en deursigtige onderskeiding maak. Daar is, wat ons kan noem, ‘n *regnum spirituale* (‘n geestelike koninkryk) en ‘n *regnum politicum* (‘n politieke of siviele koninkryk). (Sien Inst. III.19.15 & IV.20.1.) Hulle hang met mekaar saam. Hulle deel op ‘n verweefde manier dieselfde daaglikse lewensrealiteit waarin mense leef. Die *regnum spirituale* betrek sig op die gewete en diens aan God. Dit is verwant aan die ewige en Geestelike ryk van Christus. Hierdie koninkryk is nie onderworpe aan die wette, reëls en menslike instellinge van hierdie wêreld nie. Die *regnum politicum* het hierteenoor sy *Sitz im Leben* in die verganklike lewe en die wêreldse aangeleenthede. Die bestuur daarvan hou hom besig met politieke ordes, met wette wat reël dat mense ordelik en eervol met hulle naaste in matigheid en heiligheid (kan) saamleef. Die koninkryk van Christus met sy orde, wat geskep en in stand gehou word deur die lewende Here van daardie koninkryk, is te midde van en terselfdertyd bo die koninkryke van die wêreld.

Hierdie uiters bondige greep op die denkpatroon van Calvyn dui aan waarom en hoedat hy relasioneel en in samehange dink, eerder as in kategorieë of vaste skemas. Hy verkoop homself nie uit aan die (statiese) begrip *regnum* (koninkryk) nie. As hy dit gebruik om ‘n *onderskeiding* te tipeer, sê hy: ons *kan* dit ‘n geestelike of politieke koninkryk noem. In lyn hiermee begin hy sy hoofstuk in die *Institusie* oor die bugerlike regering met die opmerking dat daar in die mens ‘n tweevoudige *regering* is. (Inst. IV.20.1: *in hominem regimen duplex.*) *Regimen* het, anders as *regnum,* ‘n dinamiese betekenis. Calvyn dink dus nie ontologies of staties nie, maar veel meer funksioneel.[4]

Hoe moet ons ons die samehang en verskil van hierdie twee ryke (of regerings) in die denke van Calvyn presies voorstel? In die *Institusie* veronderstel hy dit, eerder as dat hy dit beredeneer. In hierdie verband is ter saaklike gedeeltes uit twee van sy kommentare uiters behulpsaam. Vergelyk ‘n mens die twee met mekaar, word die onderliggende teologiese oorweging van Calvyn opeens duidelik. Daarom tree ons ‘n

[4] Dit sit natuurlik ook al in die Griekse begrip *politeia* wat hy in die opskrif gebruik. *Politeia* slaan op die dinamika van die burgerlike of regs-burgerlike samelewing, eerder as op politieke strukture.

oomblik weg uit die *Institusie* en volg Calvyn in sy kommentaar op Daniël 7:12-28 en daarna op Matteus 22:15-22, voordat die lyn in die *Institusie* weer opgetel word.

5. Die regering van Christus te midde van tirannieke koninkryke: Daniël 7

Calvyn dra sy (heilshistories-realistiese) uitleg van, of liewer voorlesings oor die profeet Daniël, op aan alle vrome aanbidders van God wat begeer na die ware *inrigting* (*constitutuo*) van die koninkryk van Christus in Frankryk. (Sien CO 18, 614-624.) Hy onderteken dit op 19 Augustus 1561. Dit is ‘n merkwaardige datum. Vir baie jare reeds het die gereformeede kerke in die Rooms-katolieke monargie van Frankryk gely onder bitter kerklike en owerheidsvervolging. Ten spyte hiervan het hulle hulle teen die einde van die jare 50 vir ‘n groter mate van kerklike organisasie laat vind. By die Sinode van Parys (1559) is die *Confessio Gallicana* as belydenis aanvaar. Hulle was dus betrokke by ‘n aandrang op amptelike en openbare erkenning in Frankryk op die vooraand van die Edik van Poissy en die ontsettende godsdiensoorloë wat sou kom. Juis aan hulle dra Calvyn sy Daniëlkommentaar op. Dit is duidelik dat die kerk van Christus in Frankryk in talle opsigte vergelyk kon word met die situasie van vervolging waarin dieselfde kerk hom, volgens die gesigte en profesie van Daniël, reeds in die Ou Testamentiese bedeling onder die tirannieke en heidense koninkryke gedurende en na die ballingskap bevind het.

Vir ons tema is Calvyn se vertolking van die profeet Daniël (met name hoofstuk 7, sien CO 41) in soverre dit om die regering (koninkryk) van Christus te midde en onder vervolging van aardse koninkryke gaan, gevolglik van belang. Daniël 7 handel oor vier angswekkende diere wat die profeet uit die see sien opkruip het. Hulle is volgens Calvyn die vier opeenvolgende en bekende koninkryke wat oor die aarde sou regeer: die Babiloniese, die Persiese, die Masedoniese (of Griekse) en uiteindelik, die magtigste van almal, die Romeinse Ryke. In elk van hierdie tirannieke koninkryke word die kerk van Christus gruwelik verdruk en vervolg, in toenemende mate en by name deur die keisers van Rome. (Sien Lesing 37, Daniël 7:17&18; 21&22; 25: CO 41, 66 e.v., 70 e.v., 76 e.v.) Dit geld ook vir die tyd nadat Christus in die vlees geopenbaar is, gekruisig is, opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel. (Sien Lesing 37, Daniël 7:21-25: CO 41, 66-80.) Dus ook toe daar heidene in die kerk opgeneem is, teken Calvyn aan, is hy voortgaande vervolg en verjaag. Vervolging en verdrukking van die koninkryk van Christus is dus ook ‘n historiese verskynsel ná die hemelvaart van Christus. Teen die agtergrond van die situasie waarin die gereformeerde kerke hulle in Frankryk bevind het, wen sy voorlesings dus aan relevansie, juis omdat dit die werklikheid van voortgaande vervolging so onmiddellik weerspieël.

In sy profetiese vergesig, gaan Calvyn voort, sien Daniël ook die einde van elk van hierdie koninkryke. Die Romeinse Ryk stort uiteindelik skandelik in duie onder die hand van die aanvalle en plundering van mense wat buite verband met die klassieke beskaafde wêreld gestaan het nie. Dit alles verklaar Calvyn op die teks af as die konkrete en historiese uitvoering van God se oordeel, kragtens sy voorsienigheid. Hy herstel weer orde, en beëindig die chaos waarin die kerk van Christus groot leed aangedoen is. (Sien Lesing 38, Daniël 7:26: CO 41, 80 e.v.) Dwarsdeur alles heen, bly die Here God tog regeer. In Christus. Dit is die belangike punt vir Calvyn. Hy verklaar die profesie van Daniël in ‘n onmiddellike verbintenis met Christus. Sy uitleg verstar nie tot ‘n blote voorspelling dat God aan die einde van alles sy kerk sal verlos

nie. (Sien Lesing 36, Daniël 7:12; CO 41, 58 e.v.) Op hierdie onmiddellike teenwoordigheid van Christus val die klem. Hierop moet ons let, omdat Calvyn besig is om die relasie van die wêreldse koninkryke en die koninkryk van Christus, binne die konteks waarin laasgenoemde histories onder groot druk verkeer, te beredeneer.

In Daniël 7:13 staan geskryf: '… en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van die mens …' 'Hy het gekom tot by die Oue van dae …' Die 'Een' is, wat Calvyn betref, Christus, wat as Middelaar met sy hemelvaart by die 'Oue van dae' kom. Die 'Oue van dae' is die Vader, wat op die troon is. As opgestane Here ontvang Christus hier, merk Calvyn op, sy koninkryk om sy kerk te regeer, te beskerm en te bewaar. Dit doen Hy in die Naam en die krag van sy Vader, terwyl daar terselfdertyd talle vyande teen die kerk (en dus teen Hom) opstaan. Terwyl alle mag aan Hom gegee is en Hy hemel en aarde regeer, gaan die halstarrigheid en eiesinnigheid van die duiwel en goddelose mense tog voort. Die kerk word dus tussen hulle rondgeslinger en byna onder hulle willekeur begrawe, was dit nie vir Christus wat (by hulle) sy hand uitsteek om hulle te bewaar en te red nie. Dit is hulle enigste en blywende troos. Sy tussenkoms is hulle uitkoms. (Sien Lesing 36, Daniël 7:13&14: CO 41, 59 e.v.)

Die geskiedenis van én kerkgeskiedenis in die vier opvolgende koninkryke gaan nie buite Christus, sy tussenkoms, sy teenwoordigheid en sy almag om nie. Hy staan self in die midde van sy kerk, terwyl dié ly onder tirannieke koninkryke en vervolging. Op hierdie manier kom Hy die kerk te hulp. As Middelaar. So regeer Hy. Die kerk van Christus kan dus onder vervolging en lyding kom, maar is nooit alleen nie. In so 'n soort samehang met die politieke ryke van hierdie wêreld, word die ryk van Christus nooit oorweldig nie. Trouens, daar is steeds 'n blywende kontras. Kenmerkend van aardse koninkryke, sê Calvyn, is dat hulle verganklik en tydelik is. Hulle blink uit in weelde, militêre mag, parades en die algemene luukshede van die lewe. Die gevaar is natuurlik dat 'n mens die koninkryk van Christus ook so kan beklee. Dan word die koninkryk van Christus omskep tot iets wat dit nie is nie. Soos gebeur by die eietydse pouslike inkleding met goddelike gesag en mag en aardse prag en praal, merk hy op. (Sien Lesing 38, Daniël 7:27: CO 41, 81 e.v.)

Dwarsdeur die vreeslike geskiedenis van die vier koninkryke, word Christus en sy kerk nie oorwin nie. Sy ryk word gehandhaaf. Die twee ryke, waarvan hierdie geskiedenis ook vertel, hang inderdaad met mekaar saam. Die een kom en gaan. Die ander bly staan! In sy onderskeiding en sig op die samehang van die Koninkryk van Christus met die tirannieke politieke strukture van die wêreld, staan die **Christus** wat geloof gee, versorg en behou, in Wie ons die lewende God ontmoet, steeds in die denke van Calvyn sentraal. En, gevolglik ook die **heilsgeskiedenis**, daardie geskiedenis wat die Vader in Christus deur Gees en Woord maak. Dit vorm die raamwerk van Calvyn se denke.

Hoe sien Calvyn die samehang en kontras van die ryke binne die konteks van 'n staatsorde wat hy nie anders kan as om positief in te skat nie? Met ander woorde, waar die aardse ordeninge goed en deugdelik (teenoor die tirannieke chaos) is? Die uitleg van Matteus 22:15-22, Markus 12:13-17 en Lukas 20:20-26 in sy kommentaar op die *Harmonie van de Evangelies* (CO 45) bied aan ons insig in Calvyn se denke in hierdie verband. Dit stel ons in staat om Calvyn se denklyn in verband met die relasie

van Christus se regering te midde van ‘n slegte tirannieke orde te vergelyk met sy ryk onder ‘n goeie politieke struktuur.

6. Die regering van Christus te midde van die goeie orde van die Romeinse Ryk: Matteus 22: 15-22

Calvyn dra die 1555 kommentaar op die *Harmonie van die Evangelies* aan die Burgermeesters en Raad van die stad Frankfurt op. Die ter saaklike Skrifgedeeltes (Matteus 22:15-22, Markus 12:13-17 en Lukas 20:20-26) (Sien CO 45, 598 e.v.) handel oor die bekende vraag van die Fariseërs aan Christus of dit geoorloof is om aan die keiser van Rome belasting te betaal of nie. Christus se antwoord hierop is ewe bekend: Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom. Wat Calvyn se uitleg hier interessant maak is die feit dat hy ses jaar later in sy Daniël voorlesings juis die beheptheid met mag van die keisers van Rome uitwys as ‘n ontwikkeling wat die aanvanklike goeie orde in die Ryk vernietig het deur dit om te sit in ‘n tirannie. (Sien Daniël 12:17 & 18.) Dit is juis hierdie keisers wat die Christelike kerk by uitnemendheid vervolg het. (Sien Daniël 12:21, 22 & 25.) In die evangelieteks is Christus egter positief teenoor die Keiser en die betaal van belasting, dit wil sê, teenoor ‘n aardse ryk en sy burgerlike orde.

In die eksegese van Matteus 22:21 merk Calvyn op dat Chistus in sy antwoord op die strikvraag van die Fariseërs ‘n duidelike onderskeiding tussen die geestelike en siviele (burgerlike) regering of politieke orde neerlê. Daarmee dui die Here aan, skryf hy, dat uiterlike onderwerping aan die siviele of burgerlike owerheid nie die gegewe dat ons innerlik ‘n vrye gewete voor God besit, vernietig of voorkom nie. Christus wys hiermee, beklemtoon hy, diegene wat meen dat dit onder die juk van enige vorm van menslike outoriteit onmoontlik is om die volk van God te wees, tereg. Om onder die gesag van siviele outoriteit en burgerlike wette te leef, dit te gehoorsaam en byvoorbeeld belasting te betaal, is nie ‘n verbreking van die gesag van God nie.[5] Dit weerspreek ook nie die diens aan Hom nie. Calvyn sien in die onderskeiding wat Christus maak ‘n verweefdheid en samehang. Terwyl, skryf hy, die Here die enigste wetgewer van die innerlike mens is, en terwyl die orde vir die aanbidding in geen ander bron as sy Woord gesoek mag word nie, en dat ons ons hieraan moet hou, verhinder die mag van die swaard, die wette en die besluite van regters nie dat die ware aanbidding van God onder ons gehandhaaf word nie.

Hieruit trek Calvyn veelseggende uitgangpunte vir die praktiese lewe: elkeen moet volgens sy roeping sy verskuldigde pligte aan die medemens nakom, kinders moet hulle vrywillig aan hulle ouers onderwerp, so ook diensknegte aan hulle meesters. In die openbare burgerlike orde gaan dit om gemeenskaplike welsyn, waarin die burgers wellewend en dienswillig aan mekaar in terme van die wet van barmhartigheid en op voorwaarde dat God altyd die hoogste gesag, waaraan almal ondergeskik is, behou, saam leef. Die politieke orde is dus die ruimte vir diens aan mekaar. Wie hierdie orde vernietig, kom in werklikheid in opstand teen God. Gehoorsaamheid aan prinse en owerhede is altyd verbonde met die aanbidding en vrees van die Here God. Maar, aan die ander kant, beklemtoon Calvyn, as prinse beslag lê op enige deel van die gesag van God, dan hoef ons hulle net tot op daardie punt waar God nie beledig word nie, te

[5] Calvyn verwys hier ook na Romeine 13:7.

gehoorsaam. (Sien *Harmonie van die Evangelies*, Matteus 22:21: CO 45, 601.) Ook hierdie opmerking staan in die teken van Calvyn se tipiese dinamiese denkstruktuur.

Die volgende paragraaf vergelyk die twee teksgedeeltes met mekaar, met die oog daarop om die wyse waarop Calvyn die Christusryk en aardse ryke laat saamhang, te verduidelik. Dit moet die teologiese denkraam onderliggend aan sy Institusieonderrig oor die burgerlike regs-orde helder belig. Eers dan kom daar volle begrip vir wat hy daar in Genève aan sy studente en lesers wou verduidelik het.

7. Godsregering én wêreldregerings

Die kommentaar van Calvyn op die twee Skrifgedeeltes (Daniël 7 en Matteus 22) wat hierbo nagegaan is, open ‘n insiggewende perspektief op sy denke oor die poltiek en burgerlike regering of orde. Uit beide blyk sy positiewe ingesteldheid en aanvaarding van ‘n begronde ordening van die samelewing. Dit is nie net ‘n goeie ding nie, maar kom van God af en staan in verband met sy voorsienigheid. Hierdie raakpunt het ons in die uitleg van die kommentare by meer as een plek raakgelees. In Daniël 7 word die politieke ordening versteur deur konings wat as tiranne optree teen die kerk van Christus. Dit word voortgesit deur die Romeinse keisers, wat alle mag in hulle persone saamtrek. Daarmee het hulle in werklikheid die uitstekende insigte, soos gemunt in die Romeinse reg en die klassieke filosofie, volgens Calvyn vernietig. Hulle het dus gevaarlike skeefgroei aan ‘n vrugbare plant veroorsaak, verpersoonlik en gestimuleer. ‘n Monargie word inderdaad maklik ‘n tirannie. ‘n (Romeinse) aristokrasie ook.

Van grondliggende belang is dat die Skrif uitwys dat die koninkryk of regering van Christus nie onder hierdie (en soortgelyke) wêreldryke verdwyn het, of sal verdwyn nie. Ten spyte van vervolging handhaaf Christus self, in die onmiddellike teenwoordigheid deur sy Gees en Woord, sy ryk.

In Matteus 22 draai die prentjie om. Daar gaan dit oor die regering van Christus te midde van ‘n goeie openbare of politieke orde. Ook hierdie orde, wat burgerlike pligte en verantwoordelikhede, soos gehoorsaamheid aan wette en die betaal van belasting insluit, bedreig nie die bestaan en voortgang van die ryk van Christus nie. Maar, ook in hierdie geval handhaaf die Middelaar self sy kerk en regering. Op dieselfde manier. Die strukture en vereistes, ja selfs die vergrype van die burgerlike owerhede kan dus die regering van Christus nie uitskakel of vernietig nie. Ook ‘n goeie burgerlike orde kan die regering van Christus nie ter syde stel nie. Met geïntegreerde en dinamiese denke bring hy die regering van Christus en die aardse regerings verweefd en in ‘n samehang byeen. By die lig van die Woord. En, in Christus.

Calvyn laat gevolglik op ‘n genuanseerde manier die *regnum spirituale* aan Christus oor, sonder om dit uit die lewensrealiteit weg te dink. Hierdie kennis van die aard van die regering van Christus word hom meegedeel deur die Skrif. Dit blyk immers in sy uitleg van Daniël 7 én Matteus 22. Calvyn se verklaring van beide Skrifgedeeltes maak dus die *Institusie* onderskeiding tussen die *regnum spirituale* en die *regnum politicum* en dat hulle op die mens en sy gemeenskaplike en persoonlike lewe inspeel, verder duidelik.

8. Calvyn se onderrig oor die owerheid

Die volgende stap is nou om te kyk hoe Calvyn oor die *regnum politicum* in sy *Institusie* skryf. Hiermee word die Institusielyn weer opgetel. Die situasie in Genève was nie dié van die profeet Daniël nie, nóg kan dit sondermeer vergelyk word met die keiserlike orde waar Christus die betaal van belasting aanbeveel het. Die Genève van Calvyn was deur en deur 'n Christelike en reformatoriese bestel waarin onderdane en owerhede, wette en die kerk dieselfde gemeenskap gedeel het. Polities is die stad gekenmerk deur 'n aristokratiese burgerlike owerheidsbestel en verkiesings. Dit is die werklikheid waaronder Calvyn in Genève geleef het. Hy het hierbenewens eerstehandse ervaring van die Christelike monargie van Frankryk gehad – en hoedat die protestante in hierdie monargie vervolg is. In die opdrag van sy gepubliseerde voorlesings oor Daniël kom hy eksplesiet daarop terug. Laastens was hy nie net in sy opleiding deeglik georiënteer aan 'n Christelike en Europese verwerking van die klassieke tradisies nie, maar het hy 'n begronde begrip gehad van wat elders in Europa, en in die oorkoepelende keiserlike ryk oor die politiek gegeld het.

Wat skryf Calvyn in sy *Institusie* (en elders) oor die burgerlike owerheid en die politieke administrasie of ordening daarvan? Calvyn se invalshoek is pastoraal en teologies. Dit is belangrik, beklemtoon hy, dat mense gehelp moet word oor wat hulle houding oor die burgerlike owerheid moet wees. (Sien Inst. IV.20.3.) En, hierin speel die bediening van die Woord die kardinale rol. Calvyn wil eintlik weergee wat "die Here getuig" of sê aangaande die owerheid. (Inst. IV.20.4.) "Dit is van groot belang om te weet hoe God die belange van die mensdom in hierdie verband ter harte geneem het, sodat 'n groter ywer vir godsvrug in ons kan leef om ons dankbaarheid aan Hom te betuig," skryf hy. (Sien Inst. IV.20.1.) Dan begin sy onderrig: Daar is drie aangeleentheide waarmee rekening gehou moet word. In die eerste plek is daar die owerheid, wat die beskermer en bewaker van die wette is. In die tweede plek is daar die wette, waarvolgens die owerheid regeer. Derdens is daar die volk, wat deur die wette regeer word en wat die owerheid moet gehoorsaam. (Sien Inst. IV.20.3.) Hierdie drie hang met mekaar saam.

9. Die owerheid: 'n goeie en nuttige orde deur God ingestel

Owerhede en gesag, die bestuur deur konings, prinse, regters en beamptes is, beklemtoon Calvyn oor en oor, 'n goeie reëling wat deur God ingestel is. (Sien bv. *Confession de la Foy* – OS I, 425-426; *Instruction et confession de foy*, COR III/II, 109.) Hierdie uitgangspunt beperk Calvyn nie tot 'n Christelike samelewing nie: Dit geld ook in die algemeen, of universeel. Dat God owerhede ingestel het, is ook die grond waarom Hy hulle met aansien beklee het. Hulle het dus 'n opdrag van God en is dus met goddelike gesag beklee en tree in 'n sekere sin op as sy plaasvervangers. (Sien Inst. IV.20.4.) Of hulle Hom ken of nie. Waar dit om 'n "Christelike staat" soos in Genève gaan, kom daar in hierdie verband 'n bepaalde toespitsing, veral rondom die verantwoordelikheid en styl van owerheidspersone, die Bybelse integriteit van wette, die beskerming van God se eer en die verhouding tussen onderdane en owerhede. (Sien bv. Inst. IV.20.3.) Hiermee moet ons rekening hou as ons Calvyn lees: die fokus op die taak van die owerhede, die wette waarvolgens regeer moet word en die verhouding volk-owerheid is meesal belyn met die plaaslike Christelike konteks van Genève.

Die praktiese nut van hierdie (Goddelike) reëling vind Calvyn in die openbare orde wat dit meegebring het. Daarmee is chaos en wanorde hokgeslaan. Die waarde daarvan is selfs hoër as dié van brood, water, son en lug, d.w.s. lewensmiddels, merk hy op. (Inst. IV.20.3.) Die implikasie is dus dat waar hierdie orde ontbreek, of verwerp word, of vernietig is, of vervang word met 'n menslike alternatief, daardie bepaalde samelewing of gemeenskap in anargie uitmekaar val. Van hierdie moontlikheid is Calvyn terdeë bewus en maak byvoorbeeld in sy *Institusie* 'n sterk argument uit dat dit een van die redes is waarom hy 'n hoofstuk wy aan *de politica administratione*. (Sien Inst. IV.20.1.) Die burgerlike regering is immers, skryf hy, daarop gerig om mense te laat asem haal, te laat eet, drink en hulle te onderhou, kortom, om hulle sinvol saam te laat leef. Hierdie orde sorg dat die openbare rus nie versteur word nie, dat elkeen dit wat aan hom behoort veilig en ongeskonde mag behou, dat mense onderling ongestoord mag handel dryf en dat eerbaarheid en selfbeheesing onder hulle eerbiedig mag word. (Inst. IV.20.3.) Vanuit sy konteks, en myns insiens met die oog op Christene wat in owerheidsposisies staan, voeg Calvyn by dat owerhede ook sorg moet dra (en dit is deel van die orde) dat geen afgodery, heiligskennis teen God se Naam en laster teen sy waarheid (dit wil sê die Evangelie) in die openbaar ontstaan nie. Onder Christene moet daar 'n openbare beeld van hulle godsdiens in die owerheid en sy funksies bestaan sowel as van onderlinge beleefdheid. Daar behoort 'n gedaante van die beeld van God in die owerhede te skitter. (Inst IV.20.3.) Dit is hoe die Woord vrug dra.

10. Die taak van die owerhede

Owerhede is 'n goeie en nuttige orde wat deur God ingestel is. As Calvyn die pligte of take van die owerheid of die burgerlike regering vervolgens behandel, staan dit syns insiens dus ook in verband met God, sy voorsiening, sy reg en sy wil. Ons moet Calvyn egter noukeurig op hierdie punt lees. Soms verbind hy sy argument aan 'n algemene stelreël, soos dat die verband tussen owerheidstake en religie ook in die klassieke filosofie erken is. Dan weer konkretiseer hy dit as uitgangspunte en praktyke wat eie aan 'n Christelike bestel en samelewing is, of behoort te wees. Vir die oorspronklike hoorders sou dit veel makliker gewees het om Calvyn na sy bedoeling te volg as ons, wat nakomende lesers is.

Vir Calvyn is die verbintenis tussen die pligte van die (Christelike) owerheid en God 'n noodwendig verbintenis, wat hy uiteraard in die Bybel sien en gevolglik dikwels onder woorde bring. (Sien bv. Inst. IV.20.9.) Een van die beste samevattings in hierdie verband lui: "As hulle in gedagte hou dat hulle plaasvervangers van God is, moet hulle met alle sorgsaamheid, deeglikheid en ywer waak om vir alle mense 'n beeld van Goddelike voorsienigheid, bewaring, goedheid, welwillendheid en geregtigheid weer te gee." (Inst IV.20.6.) Hiermee is eintlik alles gesê. Wat Calvyn betref kan owerhede en owerheidspersone dus nie bedrieglik optree in so 'n wettige roeping nie. (Inst. IV.20.6.) Deur hulle amp te vervul, skryf hy elders, dien owerheidspersone die Here. Sodoende hou hulle die samelewing en die onderlinge sosiale gemeenskap in stand. Daarom moet hulle die swakkes en die onskuldiges beskerm en die kwaad bestraf, in soverre dit God nie mishaag nie. (Sien *Confessio de la Foy,* OS I, 425.)

Van hier af uit konkretiseer Calvyn sy insigte. Hy begin met die verband tussen *owerheidsplig en godsdiens*. Vir hom is dit (soos hierbo gesê) 'n algemene stelreël dat

hierdie sake met mekaar verband hou. Die heidense skrywers (d.w.s die Grieks-Romeinse filosowe) het nie oor die maak van wette en die staat geskryf sonder om by die godsdiens en aanbidding van ‘n god of gode te begin nie, merk hy op. Christelike vorste en owerhede, wat die Christelike godsdiens nie beskerm nie, behoort hulle dus te skaam. (Inst. IV.20.9.) Hulle moet werk daarvan maak om God se eer te beskerm en in stand te hou. Hierdie uitgangspunt vind Calvyn ook terug in die Skrif. Bondig saamgevat: Die plig van die owerheid (in ‘n Christelike bestel) strek oor beide tafels van die wet. Die eerste tafel korreleer aan die openbare beskerming van die Christelike geloof. Dit moet op ‘n spesifieke manier, wat dus verskil van die klassieke filosofie, vergestalt word. In ‘n Christelike lewensrealiteit (soos in Genève), is dit nie ‘n vreemde gedagte of vreemd aan die konteks dat die owerheid dus die gehoorsaamheid aan die eerste tafel van wet in die openbare orde behoort af te dwing of te beskerm nie.

Hierbenewens is dit plig van die (Christelike) owerheid om die tweede tafel van die wet te realiseer, met ander woorde, om reg en geregtigheid te laat geskied. (Inst. IV.20.9.) Weereens maak Calvyn ‘n toespitsing: Die owerheid se plig is “om iemand wat met geweld onderdruk is, van die hand van sy lasteraars te verlos; om die vreemdeling, die weduwee en die weeskind nie te bedroef nie, en om nie onskuldige bloed te vergiet nie.” (Sien Inst. IV.20.9, Jer. 22.3.) Volgens Ps 82 moet hulle reg doen aan die arme en behoeftige mens, die hulpelose moet hulle verlos, hulle moet die arm en behoeftige mens uit die hand van die onderdrukker red. So word God se eer en reg ook in die uitvoer van die tweede tafel van Wet nagevolg. So skitter ‘n gedaante van God in die handelinge van die owerhede as hulle die eerste en tweede tafel nakom.

Hiernaas moet die owerheid ook die *regspraak* tussen mense behartig. Owerhede word aangestel as beskermers en regters met die oog op openbare onskuld, beskeidenheid, eerbaarheid, rustigheid, algemene welvaart en om vir die vrede van almal te sorg. Regters moet nie na die een of ander kant afwyk nie en geen omkoopgeskenke aanneem nie. (Inst. IV.20.9.) Hulle moet goeie mense teen die onreg van goddelose mense beskerm en onderdruktes met raad en daad onderskraag. Hulle is met mag bewapen om kwaaddoeners openlik en streng te straf, omdat die openbare rus deur hulle (die kwaaddoeners) misdadigheid in oproer gebring word. Hierin gaan dit dus oor die besorgdheid vir wat billik en regvedig is – iets wat in elk geval ook, sê Calvyn, in die nie-Christelike filosofie hoog geag is. (Inst. IV.20.9.)

Die owerheid is deur God met die swaard bewapen om skuldiges en booswigte te straf. Hierin word geregtigheid voltrek. Calvyn sien in hierdie strafproses ‘n voltrekking van die oordele en reg van God. (Inst. IV.20.10.) Dit sluit die doodstraf oor moordenaars in. Calvyn laat hom egter nie vind vir doellose en matelose wreedheid nie. Hy skryf: “Die owerheid moet egter toesien dat hy nie òf deur uitermatige strengheid mense krenk eerder as genees nie; òf met bygelowige vertoon van sagmoedigheid in die wreedste vorm van onmenslikheid verval as hy in sagte en onverskillige genadigheid tot verderf van baie mense opgaan nie.” (Inst IV.20.10.) Die integriteit van die reg en die vonisse moet blyk uit ‘n beheerste en begronde toepasing van regverdige wette. Die liefde moet in regsgedinge en die toepassing van wette seevier. Die geld ook vir diegene wat na reg by die regbank soek. (Sien Inst IV.20.18 en 19, 20 en 21.)

Die (Christelike) owerheid het ook die plig om onder bepaalde omstandighede *wettige oorlog* te voer. (Inst. IV.20.11.) Hiermee kan hy die rustigheid van sy regering verdedig, die oproerigheid van tugtelose mense onderdruk en diegene wat met geweld onderdruk is, help en kan hy bose dade te straf. Landstreke kan deur oorlog verdedig word wanneer dit aangeval word. (Inst. IV.20.11.) Owerhede moet egter nie deur blindelingse woede en haat meegesleur word nie. Hulle moet nie met onversoenlike strengheid brand nie. Openbare belang moet die deurslag gee, en nie persoonlike gevoel of voorkeure nie. Trouens, alles moet eers beproef word voordat die saak met die opneem van wapens besleg word. (Inst. IV.20.12.)

Laastens het die staat ook die plig om *belastings* en fondse te in. Die owerhede mag dit egter nie verspil of verkwis nie – so iets is aanduiding van openlike verontregting. Dit is hulpmiddels om die openbare nood te verlig. Verder: dit is tirannie en roof om arm mense sonder rede daarmee te belas. In die insameling en besteding van belasting gaan dit per slot van rekening om 'n rein gewete voor God. (Inst. IV.20.13.)

Hierdie oorsig, wat ons hiermee eindig, gee 'n duidelik prentjie van wat Calvyn in die oog het met die plig of die taak van die owerheid. Ons moet weer opmerk dat wat hy hier lys, ook vir owerhede in die algemeen geld, dit wil sê, ook vir owerhede buite die Christelike geloof en gemeenskap. Die toespitsing wat hy ten opsigte van 'n Christelike bestel beredeneer, begrond hy in die Bybel – in dit wat die Bybel daaroor sê. Hierdie opmerking is belangrik, omdat Calvyn nie 'n Christelike staatsbeskouing uitwerk nie, maar die Woord bedien aan 'n bepaalde vraag wat gestel word. Hierop kom ons later terug.

Calvyn fokus op die pligte owerheid, en dan op die wette waardeur die owerheid moet regeer. In die volgende paragraaf gaan ons in op wat Calvyn bedoel het met goeie of uitstekende wette waarvolgens die owerhede moet regeer.

11. Goeie wette waarvolgens die owerhede moet regeer

Hierbo is reeds daarop gewys dat Calvyn dit as 'n algemene saak aanvaar (d.w.s. dit is nie tipies Christelik nie) dat sonder wette geen owerheid kan bestaan nie, en dat wette geen krag het sonder 'n owerheid nie. Wette is die kragtige senuwees of die siel van die staat. (Inst. IV.20.14.) Calvyn aanvaar dit gewoon. Dit staan buite kyf. Wat hom wel interesseer in sy uiteensetting in die *Institusie* is om te sê watter wette owerhede godvrugtig voor die aangesig van God kan gebruik sodat die burgelike gemeenskap na behore onder mense geadministreer kan word. (Inst IV.20.14.)

Calvyn laat hom hier weer deur die wet van God wat deur Moses afgekondig is, lei. Die punt wat hy maak is dat die wet van die Here 'n "waaragtige en ewige reël van geregtigheid is wat aan mense van alle volke en tye voorgeskryf is wat begeer om hulle lewe volgens God se wil te skik." (Inst. IV.20.15.) Hierdie universele reël van geregtigheid moet in die wette wat (ook in 'n Christelike bestel) gemaak word, deurskyn. Dit is die maatstaf waaraan die wette gemeet moet word. In hierdie verband kies Calvyn net die twee tafels van die Tien Gebooie, omdat dit die hart is van die seremoniële en burgerlike regswette van die Ou Testamentiese Joodse volk. (Sien Inst. IV.20.14 & 15.) Wette wat dus gemaak word onder verskillende volke en omstandighede, kan in vorm verskil, maar moet nogtans aan die ewige liefdesreël

(d.w.s. die Tien Gebooie) gemeet word. Hierin lê hulle gemeenskaplike grondslag. (Inst. IV.20.15.)

Calvyn meen dat die integriteit, die intensie en die trefkrag van die gegewe wet van God so wyd en oop is dat dit die twee algemeen geldende aspekte eie aan alle wette, naamlik die wetsbepaling en die billikheid, volledig dek. Wetsbepalings is gedeeltelik afhanklik van bepaalde omstandighede en kan dus van mekaar verskil, mits hulle almal eweveel die doelstelling van (natuurlike en redelike) billikheid het. Hy voeg by: Die wet van God is niks anders nie as 'n getuienis van die natuurwet, van die gewete wat deur God in die gemoedere van mense in die algemeen ingegraveer is. (Inst. IV.20.16.) Die algemene billikheidsbeginsel is dus volledig in die Tien Gebooie voorgeskryf. Daarom kom Calvyn tot die gevolgtrekking dat die wet die doel, sowel as die reël en die eindbestemming van alle wette moet wees. Wette wat dus volgens hierdie reël gevorm is, hoef nie in 'n Christelike gemeenskap afgekeur te word nie. (Inst. IV.20.16.) Lees 'n mens Calvyn noukeurig, bedoel hy nie dat die Tien Gebooie die wetskorpus van 'n land, stad of volk moet word nie, maar dat dit die norm is wat aan die wette bedien moet word. Die implikasie is dat as landswette die Tien Gebooie weerspreek, hulle nie in 'n Christelike bestel gehandhaaf sou kon word nie.

In die vorige twee paragrawe is het ons die blik laat val op hoe Calvyn oor die owerhede en wette dink, en hoe hy dit in verband met 'n Christelike staatsbestel gestel het. Want, mense wou dit weet, en dit was ook vir hom belangrik om dit mee te deel. Hy wou die Woord hieroor laat spreek. Die derde aspek van die burgerlike regering wat hy belig, handel oor die "volk" of die onderdane waaroor regeer word, dit wil sê, "watter voordeel wette, regte en owerhede vir die gewone gemeenskap van Christene inhou." (Inst. IV.20.17.) Wat hiermee saamhang is hoeveel eerbied gewone mense aan die owerheid moet betoon en hoe ver hulle gehoorsaamheid teenoor die owerheid moet gaan. Gegewe die werklikheid van bloedige vervolging in Frankryk, of Italië of later Brittanje (na 1553), wou Christene dit ook weet. Dit was van akute belang.

## 12. Die burgers: hulle pligte en verantwoordelikhede

Die eerste plig van onderdane teenoor die owerheid is dat hulle hulle funksie met die gootste eerbied moet bejeën, begin Calvyn. (Inst. IV.20.22.) Hierdie uitgangspunt is natuurlik ook eie aan wat in die klassieke filosofie geleer is. Dit is algemeen bekend dat Cicero dit sterk benadruk het. Weer meen Calvyn dat Christene hierby kan aansluit. En, weer kom die Christelike toespitsing. Die funksie van owerhede is 'n bevoegdheid wat deur God aan hulle opgedra is en daarom moet onderdane na hulle opsien en hulle eerbiedig as dienaars en gesante van God. (Inst. IV.20.22.) Hiervoor beroep hy hom op Petrus (I Petrus 2:17), Salomo (Spreuke 24:21) en Paulus (Rom. 13:5). Omdat die owerheid se mag van God kom, hang die gehoorsaamheid aan die owerheid saam met dié aan God. Wat goed raakgesien moet word, is dat dit vir Calvyn om die orde van die owerheid gaan – dit moet ons eer en respekteer, sodat "almal wat oor ons gestel is, vir ons kosbaar moet wees en vanweë hulle regering eerbied van ons moet ontvang." (Inst. IV.20.22).

Die Skrif skep dus 'n bepaalde toegeneëntheid tot owerhede. Dit is met hierdie toegeneëntheid dat burgers ook gehoorsaamheid aan die owerheid moet betoon, "hetsy deur hulle verordeninge te gehoorsaam, hetsy deur belastings te betaal, hetsy deur openbare take en laste op hulle te neem wat daarop gemik is om die algemene

welaart te beskerm, hetsy om ander bevele uit te oefen." (Inst. IV.20.23; Sien ook volgens Calvyn Rom. 13:1, 2; Tit. 3:1; I Pet. 2:13, 14; I Tim. 2:1, 2.) Dit gaan gepaard met selfbeheersing. In hulle persoonlike hoedanigheid moet burgers nie in openbare sake inmeng nie. Hulle moet ook nie op 'n onbesonne wyse op die werk van die owerheid "inbars" of iets wat by die staatsbelang hoort, self aandurf nie. As daar iets in die staatsbeleid reggestel moet word, gaan Calvyn voort, moet burgers nie daaroor in oproer kom of dit self probeer regstel nie. Hulle moet dit onder die aandag van die owerheid bring, wie se verantwoordelikheid dit is om die saak te beredder. Sou burgers die opdrag kry om 'n bepaalde saak reg te stel, is dit wat Calvyn betref, dan in orde. (Inst. IV.20.23.)

Wat moet Christene doen indien die owerheid waaronder hulle lewe, nie 'n owerheid is wat soos 'n vader vir die vaderland, 'n herder vir die volk, 'n beskermer van regverdigheid en verdediger van die onskuld is nie? Dwarsdeur die geskiedenis, wys Calvyn daarop as hy hierdie probleem aanspreek, is daar immers oorvloedige voorbeelde van owerheidspersone wat onbesorg in wellus geleef het, wat in eie belang alle regte verkwansel het, wat arm mense leeggetap het van hulle geld, huise geplunder het, jong meisies en vrouens geweld aangedoen het, onskuldige mense doodgemaak het en louter roof gepleeg het. (Inst. IV.20.24.) Onderdane sien in sodanige owerhede en vorste immers geen beeld van God skitter nie. As onderdane dan geen spoor van 'n dienaar van God in hierdie soort owerhede raaksien nie, is dit eintlik in die gemoed van mense ingebore om sulke tiranne met net soveel haat en vervloeking te vervolg as wat hulle wettige konings met liefde en eerbied sou bejeën.

Calvyn verdedig hier nie die reg van verset of opstand nie. Die Woord van God, skryf hy, is teen 'n gemoed wat in opstand kom teen tiranne. Die Woord lei ons dat "ons ons aan alle owerhede en gesag wat oor ons gestel is, moet onderwerp." Ook aan vorste en owerhede wat nie hulle taak uitvoer nie." Hulle het immers hulle gesag van die Here gekry – hoedanig hulle ook al is. (Inst. IV.20.25.) Bowendien het hierdie saak meer as een kant. Calvyn merk op dat die Skrif aantoon dat 'n goddelose koning die Here se toorn oor 'n land kan wees waarmee die ongeregtigheid van 'n volk gestraf word. (Hy beroep hom op Job 34:30; Hosea 13:11, Jes. 3:4; Jes. 10:5; Deutr. 28:29.) Hy gee onmiddellik toe dat dit nie so maklik vir die mens se verstand is om te begryp dat daar in die slegste mens wat alle eer die minste waardig is, ook daardie vootreflike mag van God gevestig is wat die Here aan dienaars van geregtigheid en reg verleen het, en dat hulle om daardie rede geëer moet word. (Inst.IV.20.25.)

Calvyn is op hierdie punt dus besig om die Woord aan 'n aktuele probleem te bedien. Hy wys sy lesers in die eerste plek op die voorsienigheid van God, waarin Hy koninkryke uitdeel en konings aanstel. In hierdie verband haal hy die geskiedenis van Daniël en veral Nebukadnesar by, en herinner hulle aan die ballingskap waartydens die profeet Jeremia die Israeliete wat van al hulle eiendom gestroop, van hulle huise weggesleur en in slawerny weggedryf is, gebied om desnieteenstaande vir die voorspoed van hulle oorwinnaar te bid en dat sy koninkryk veilig en vreedsaam bewaar mag word, sodat hulle ook onder hom voorspoed mag geniet. (Sien Inst. IV.20.26, 27.)

Calvyn kom dus tot die gevolgtrekking dat eerbied en godsvrug tot die uiterste toe verskuldig is aan al die owerhede, wie hulle ook al mag wees. Dadelik ondervang hy 'n teenargument: "Maar, sal jy sê, owerhede het ook 'n wedersydse verpligting

teenoor hulle onderdane." (Inst. IV.20.29.) Dit maak egter nie die deur oop om slegs regverdige bevele te gehoorsaam nie. Nee, skryf Calvyn, "as ons dus deur 'n wrede vors getreiter word; as ons roofsugtig deur 'n gierige en uitspattige vors beroof word; as ons deur 'n luiaard verwaarloos word; as ons laastens deur 'n goddelose en heiligskennende vors vanweë ons godsvrug geteister word, moet ons eerstens oor ons oortredings nadink omdat dit ongetwyfeld met sulke gèsels deur die Here getugtig word." (Sien Inst. IV.20.29. Calvyn verwys na Dan. 9:7.) Die gevolglike ootmoed sal onverdraagsaamheid beteuel, konkludeer hy.

Daarna, gaan hy voort, moet die gedagte by ons opkom dat ons nie by magte is om sulke euwels self te genees nie. Al wat vir ons dan oorbly is dat ons die Here se hulp moet inroep omdat konings se harte en koninkryke in sy hande is. (Spr. 21:1) "Ons weet immers uit die Skrif dat diegene wat onregverdige wette gemaak het om armes in die gereg te verdruk en die saak van die nederiges geweld aangedoen het, om weduwees as buit te hê en wese te beroof, voor die Here sal ineenstort en vergaan." (Inst. IV.20.29. Sien ook Jes. 10:1, 2; Ps. 2:10, 11, Ps. 82:1.) Daarom wys hy sy lesers daarop dat die Here altyd sy wonderbaarlike goedertierenheid, mag en voorsienigheid ook in sodanige omstandighede openbaar. "Soms wek hy uit sy diensknegte mense op as openbare wrekers en Hy rus hulle toe met sy gebod om 'n misdadige oorheersing te straf en 'n volk wat deur onregverdige maatreëls onderdruk is, van hulle ellendige rampsaligheid te verlos." (Inst. IV.20.30.) Hulle is deur die roeping van God opgeroep om sulke dade wettig te verrig. Deur die wapen teen hierdie konings op te neem, het hulle egter nie die majesteit van God geskend nie. Hulle is uit die hemel bewapen en het 'n kleiner mag (die konings s'n) met 'n groter mag (van God) bedwing, soos konings gewoonlik hulle stadhouers mag straf. (Inst. IV.20.30.) Ander kere weer, beskik Hy oor die toorn (wat iets anders in gedagte het en bedoel om iets anders daarmee te doen) van mense om verlossing te bewerk. Hulle verrig weer God se werk, sonder dat hulle dit weet. Selfs al het hulle niks anders nie as goddeloosheid in gedagte. Hier wys Calvyn op die geskiedenis en gebeure wat uitgeloop het op die balingskap en terugkeer van Israel na die beloofde land. (Inst. IV.20.30.)

Die punt wat Calvyn maak is dat daar in die geskiedenis uiteenlopende dade van mense nagegaan kan word, maar dat niks buite die beskikking van die Here om gaan nie. Hy verpletter – hoe ook al – onbeskaamde konings en ondraaglike oorheersing. "Intussen moet ons egter," skryf hy, "met die grootste sorg daarteen waak dat ons nie die owerheidsgesag … sou verag of skend nie." (Inst. IV.20.31.) Die wraak van die Here bestaan immers daarin om teuellose oorheersing te bestraf. Maar, om dit te bestraf is nie aan "ons" of te wel "mense in hulle persoonlike hoedanigheid" toevertrou nie. (Inst. IV.20.31.) Daar is wel, verduidelik Calvyn, sekere volksamptenare aangestel om die teuelloosheid van konings aan bande te lê – "soos die *ephori* teen die Spartaanse konings, die volkstribunes teen die Romeinse konsuls of die distrikshoofde teen die senaat van die Atheners." Wat die eie tyd betref, is die mag wat die drie stande in elke koninkryk tydens hulle belangrikste vergaderings uitoefen, miskien ook so, merk Calvyn op. (Inst. IV.20.31.). Hierdie volksamptenare, wat kragtens hulle amp geroep is as beskermers van die volk – volgens God se beskikking – moet hulle om hierdie rede teen die woeste losbandigheid van die konings verset. Hùlle moet die vryheid van die volk beskem. Hulle mag nie troubreuk pleeg deur konings oor te laat aan die vertrapping van mense nie.

Calvyn se argument is dus duidelik: die gewone burger, in sy privaat hoedanigheid, het nie ‘n ander keuse as om die owerheid te gehoorsaam nie. Selfs wanneer ‘n owerheid nie sy pligte nakom nie en sy hand aan sy burgers met geweld slaan. Calvyn meen wel dat die struktuur van die staat of burgerlike regering genoegsaam voorsiening maak vir wettig aangestelde amptenare, om in sulke gevalle op ‘n wettige manier verlossing te bring deur die orde te herstel. Dit is trouens hulle roeping. Andersyds wys Calvyn sy lesers op die voorsienigheid en regering van God. Hy beëindig tirannieke koninkryke wanneer Hy wil. Soos dit na vore kom in die profesieë van Daniël en die verloop van die geskiedenis daarvolgens. Bowendien, die koninkryk van Christus kan onder geen omstandighede verlore gaan nie.

Die laaste vraag wat oorbly is of daar nie tog ‘n tyd kan kom wanneer burgers of gewone mense nie die owerheid hoef te gehoorsaam nie? In die heel laaste paragraaf in sy hoofstuk oor die burgerlike regering gee Calvyn hieraan aandag.

13. Gehoorsaamheid aan die owerhede is tog begrens

Die gehoorsaamhied aan owerhede mag ons nie wegneem van gehoorsaamheid aan God nie. Dit is soos Calvyn die een uitsondering op die reël verwoord. Maar, ook dan is hy uiters versigtig. Wat hom betref moet die begeertes van alle konings trouens aan God se wil ondergeskik wees. Al hulle bevele moet voor sy besluite swig en hulle majesteit moet aan sy septer ondergeskik wees. (Inst IV.20.32.) Eintlik behoort so ‘n uitsondering dus nie op te duik nie. En tog, dit kan gebeur….

Die Here is die Koning van alle konings. Wanneer Hy sy mond oopmaak, moet ons voor en bo alle mense na Hom alleen luister. Alleen na Hom! Eers daarna moet ons aan mense wat oor ons gestel is, ondergeskik wees, maar slegs in Hom! (Inst. IV.20.32.) As daar dus ‘n bevel gegee sou word teen Hom, dan moet dit geen plek ontvang of waarde by ons hê nie. Die aansien wat die owerheid het moet ons ook nie hiervan laat terugdeins nie. Hierdie aansien word trouens nie verontreg wanneer dit aan die sonderlinge en ware oppergesag van God ondergeskik gestel word nie. Daarom verklaar Daniel dat hy geen sonde begaan het deur die opperbevel van die koning nie te gehoorsaam nie. (Calvyn verwys na Dan. 6:23.) Die koning het sy perke hier te buite gegaan en deur homself teen God te verhef, sy eie mag vernietig.

God dra nie sy reg aan sterflike mense oor toe Hy hulle (konings en vorste) aangestel het oor mense nie! Al word hierdie “onwrikbare opvatting” van baie kante af bedreig, moet ons steeds God eerder as mense gehoorsaam (Handelinge 5:25, Inst. IV.20.32.) Calvyn sien dit nie as ‘n maklike uitweg om die vereiste gehoorsaamheid, wat hy so breedvoerig verdedig het, te systap nie. “Ons moet ons met die gedagte vertroos,” sê hy, “dat ons eers dan die gehoorsaamheid wat die Here van ons eis betoon, wanneeer ons liewer enigiets ly as om van ons godsvrug af te wyk.” (Inst. IV.20.32.) Al lydende kan ons ons nie aan die goddeloosheid van mense verpand nie. Ons is immers duur gekoop… (Inst. IV.20.32, sien ook I Kor. 7:23.) Ook in hierdie gehoorsaamhied behou Christus sy koninkryk te midde van aardse koninkryke.

14. Samevatting

In sy onderrig in Genève oor die burgerlike regering of siviele regsorde bring Calvyn dit in ‘n breë algemene (en universele) verband. Hy wys daarop dat dit ‘n goeie en

nuttige orde is wat God ingestel het in terme van sy voorsienigheid. Hy behandel die taak van die owerhede, die wette waarvolgens owerhede die beste kan regeer en die plig van die onderdane. Calvyn is hom bewus daarvan dat hierdie struktuur en volgorde waarin hy sy onderrig verpak, eweneens in ‘n universele sin geld. Hierdie sake word tradisioneel onderskei in die nadenke oor die burgerlike regsordening. Dit is nie eksklusief tipies Christelik nie. Daarom het hy telkens daarop gesinspeel hoedat ‘n saak in die algemeen geld, maar wat hy bybring ‘n Christelike toespitsing is, wat in ‘n Christelike bedeling behoort te realiseer.

Dit is ver daarvandaan dat hy ‘n Christelike teokrasie, gebaseer op Bybelse beginsels uitwerk. Dit gaan vir hom nie om ‘n Christelike staatsleer of –beskouing nie. Hy het ‘n ander oorweging as hy *de politca administratio* onderrig. Hierdie oorweging staan in verband met die relasie tussen die regering van Christus en die regerings of koninkryke van die wêreld. Hierop is in hierdie bydrae ook ingegaan. Die koninkryk van Christus bly in sy hand te midde van aardse koninkryke, of hulle ‘n goeie lewensruimte vir Christene bied, en of hulle diegene wat aan Christus behoort verdruk en vervolg. En, of hulle, soos in Genève, met ‘n uit en uit Christelike motivering regeer. Myns insiens is die raaksien en verstaan van die agterliggende teologiese oorweging (die relasionale samehang tussen die *regnum spirituale* en die *regnum politicum*) sowel as die raakpunte met die voorsieningheid en beskikking van God, die raamwerk waarbinne sy Institusieonderrig oor die burgerlike regsorde begryp moet word. Alles wat hy daarin sê, insluitende wat hy aan ‘n Christelike toespitsing help, moet binne hierdie groter raamwerk gelees word. Ook in Genève leef die koninkryk van Christus tegelyk in ‘n samehang en teenstelling met die burgerlike owerheid en sy wette. Die een gaan nie in die ander op nie.

Calvyn lei nie ‘n teokrasie uit die Bybel af nie, maar in sy onderrig oor die staatsorde *bedien* hy die Woord. Die Bybel vra immers om verkondig te word. Christus laat Hom en sy regering nie inbind in ‘n statiese ‘staatskonsepte’ wat op Bybelse en Christelik-tradisionele ‘beginsels’ sou berus nie. In sy “tussenkoms” (Daniël 7 én Matteus 22) bly Hy vry en werksaam. Deur sy Gees en sy verkondigde Woord. Die regering van God is in die hande van Christus: of die aardse koninkryk waarbinne dit gebeur en beskerm word ooreenkom met dié in die gesigte van die profeet Daniël, of die keiserlike orde wat Christus hoog ag, of die Christelike aristokrasie van Genève, of nie.

Wie dus by Calvyn die fondasie van ‘n Christelike staatsteorie raaksien, of die oorsprong van die westerse demokrasie, of die Christelike sosialisme, of die reg van opstand teen ‘onregverdige’ owerhede, het die teologiese raamwerk waarbinne Calvyn dink, mis gekyk. Ter wille van die waarheid en akademiese integriteit moet wat oor Calvyn gesê en gehoor word, aan die oorspronklike bronne, d.w.s. aan Calvyn self, ontleen word. En, in daardie bronne dra die ‘teologie’ en nie die ‘politiek’ (om op die opskrif van die bydrae te sinspeel) die deurslaggewende belang.